# TINUS KüHN

Tinus Kühn is in Johannesburg gebore waar sy pa ‘n speurder verbonde aan Marshallplein was. Hy het aan die Hoërskool Stoffberg, Brakpan matrikuleer en daarna ‘n BA-graad aan die Universiteit van Pretoria met Afrikaans en Engels as hoofvakke behaal.

Hy het vir ‘n aantal jare Engels Tweedetaal aan twee hoërskole gegee en is later in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria vir die opleiding van taalonderwyers aangestel.

Sy doktorale studie het oor *Literêre Teorie en Letterkundeonderrig* gehandel. Hy en ‘n aantal kollegas het die reeks *English in Action* vir hoërskole geskryf. Sowat vyf jaar gelede het hy die operaregisseur, Neels Hansen met die skryf van Neels se outobiografie bygestaan.

Tinus het ‘n lewendige belangstelling in musiek. Hy het lisensiaateksamens in klavier en orrel geslaag en was vir een en twintig jaar die dirigent van die Petoriase Kinderkoor.

Een van sy dogters het op ‘n keer vir hom gesê sy weet nie waar sy vandaan kom nie. Daarop het hy met mening in genealogie begin belangstel; sy voorkeurfamilielyne is die Kühns en die Lindes.